# SA BOERPERD AJV 2025
# RAADSVERSLAE

Portefeuljes is nie waterdigte kompartemente nie, maar oorvleuel waar nodig.

**PRESIDENTSVERSLAG – Michiel Burger Snr.**
**Word mondeling aan die vergadering voorgehou.**

1. **FINANSIËLE VERSLAG – Jan Joubert**
   Word mondeling aan die vergadering voorgehou. State mag van die kantoor aangevra word.
   Geen state word gepubliseer nie.

2. **BORGE – Gerhard J v Rensburg**
   Oudergewoonte was Agri-Seker weereens vanjaar ons grooste borg.
   Borge deur Gerhard J v Rensburg ge-in: R 123,500.00;
   Borge deur Elize Prinsloo ge-in: R 44,000.00.

3. **NASIONALE SKOUVERSLAG – Michiel Burger (Snr)**
   Die Nasionale Kampioenskappe was weereens 'n groot sukses, met 187 perde.
   In totaal is daar 806 rondtes gery, pretklasse en Elite 5 klasse uitgesluit. Van die 806 klasse, is daar 27 outomatiese kampioenskappe in skou-ryperd- en enkeltuig klasse (persentasies afgerond).
   - Universeel & Tradisioneel gekombineerde klasse: 12 (1.5%)
   - Universeel: 289 (36%)
   - Dresseer: 109 (13.5%)
   - Werkende Jagperd: 15 (1.9%)
   - Veelsydige Ryperd: 28 (3.5%)
   - Skouspring: 47 (5.8%)
   - Tradisioneel 3-gang: 147 (18%)
   - Tradisionele Enkeltuig: 23 (2.9%)
   - Tradisionele 5-gang: 53 (6.6%)
   - Vertoonperd: 8 (1%)
   - Siertuig: 6 (0.7%)
   - Familie-klasse: 27 (3.3%)
   - Saddle Seat 3-gang & 5-gang: 5 (0.6%)
   - Western Pleasure: 19 (2.4%)
   - Stervul: 18 (2.2%)

   Inskrywingsgelde: Handklasse R150; Ry- en Tuigklasse R385.
   Tydskedule deur Jan Joubert met die hulp van Kristen Joubert.
   Universele beoordelaar was Claire Marcus Maloney.
   Tradisionele Beoordelaars: Willie Buys; Jaco Jonker; Enid Norten.
   Baan beamptes: Katine Saville; Elmi Davel; Stenelle van Marle;
   Hekwagte: Barend en Bertha Dorfling;
   Die skouspring en dresseer is deur Thalia Offerman gereël.
   Stalindeling: Chantelle Jooste; Stalkoste R 550 vir die duur van die skou;
   Afkondiger: Mike Sfigakis.

   Daar was geen appèl aangeteken nie.

## 4. KEURING – Nic Jooste

**MERRIES & REUNS KEURING – 2025**

| STREEK | KEURDERS | KEURINGSDATUM | JUNIOR | MERRIES | REUNS | MERRIES | REUNS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **WES-KAAP** | Nic Jooste | 17 tot 19 Maart 2025 | Gustav Combrink | 4 | 4 | | |
| | Johannes Langenhoven | | Gunter Combrink | | | | |
| **NATAL** | Frikkie Combrink | 10 tot 13 Maart 2025 | Gerhard le Roux | 15 | 5 | | 1 |
| | Jannie Jacobsz | | Reece Olivier | | | | |
| **VRYSTAAT** | Jan Joubert | 28 tot 29 Maart 2025 | Michiel Burger Jnr | 27 | 14 | | 1 |
| | Pieter Terreblanch | | Simoné Jacobsz | | | | |
| **GAUTENG** | Theunis Pretorius | 14 tot 16 Junie 2025 | Hannelie Bezuidenhout | 17 | 5 | 1 | |
| | Katina Saville | | Bertha Dorfling | | | | |
| | | | Echo Saville | | | | |
| | | | Bruwer Burger | | | | |
| **MPUMALANGA** | Michiel Burger | 7 tot 8 Mei 2025 | Barend Dorfling | 24 | 12 | | |
| | Hannes Hattingh | | Elmi Davel | | | | |
| **NAMIBIA** | Nic Jooste | 16 tot 17 Mei 2025 | | 26 | 10 | | |
| | Frikkie Combrink | | | | | | |
| | Michiel Burger | | | | | | |
| **TOTALE** | | | | **113** | **50** | **1** | **2** |

KEURDERSVERGADERING
Keurdersvergadering het op 11 April 2025 by die Parys Afridome plaasgevind.

HINGSKEURINGS
SENTRALE HINGSKEURING, 12 April, Parys Afridome
Die sentrale hingskeurings was vanjaar aangebied by die Afridome, Parys. Die geleentheid was 'n groot sukses. 'n Katalogus is deur Petro Grové saamgestel sodat keurders en belangstellendes dit kon volg.
Keurders: Michiel Burger; Frikkie Combrink; Jan Joubert; Nic Jooste; Hannes Hattingh; Theunis Pretorius; Katina Saville.

- 21 perde het aansoek gedoen vir keuring, waarvan 2 onttrek het.
- Daar is 8 perde gekeur en gebrand. Die vriesbrand is vir die eerste keer as opsie ingesluit by die toediening van die brand van hingste.
- 10 hingste staan oor.

NAMIBIË
12 is Perde gekeur waarvan 4 hingste is.

## 5. SKOUE & KAMPIOENSKAPPE – Bruwer Burger

Vir stoete om te kon kwalifiseer vir die Nasionale Kampioenskappe 2025, moes 'n stoet met minstens EEN perd aan minstens EEN klas op een van die volgende kwalifiserende skoue deelneem:
Riversdal Skou 13 – 15 February 2025
Swellendam Skou 27 Februarie – 1 Maart 2025
Horse of the Year: 8 Maart 2025

Mpumalanga skou aangebied deur die Hoëveld SA Boerperd Klub: 27 – 30 Maart 2025
Senekal Skou: 3 – 5 April 2025
Maxwells KZN Showing Championships: 29 April – 3 Mei 2025

Indien daar geldige verskonings was vir lede om dit nie te kon bybring nie, is dit aanvaar en lede kon wel deelneem.

**6. OPLEIDING & KURSUSSE – Frikkie Combrink**
'n Telematiese Bouvorm kursus is saamgestel sodat kursusse op rekenaar gedoen kan word. Dit sluit voorbeelde in en illustreer aspekte van bouvorm. 'n Meervoudige-keuse toets kan ook afgelê word.
Die res van die afdelings sal ook in die formaat beskikbaar wees.

Aspirant keurders het jaarliks die geleentheid om saam op keuringstoere te gaan en so ook in-diens opleiding te kan kry en met die nuutste keuringspuntekaart te kan werk (verw. punt 4).

**7. REKLAME & BEMARKING – George Nefdt**
(Sub-komitee: Petro Grové, Liezelle Whitehead; Linda Meintjes)

<u>Artikels is gepubliseer deur:</u>
Michiel Burger. Veeplaas;
George Nefdt. Farmers Weekly;
Petro Grove. Parys Gazette;
Petro Grové;Liezelle Whitehead. Landbouweekblad.
Equestrian life, There's something about a Boerperd

Video onderhoude:
Jan Joubert en Michiel Burger

Liezelle Whitehead is aangestel in die plek van Puren bemarking om sosiale media te bestuur.
Daar was gereelde zoom vergaderings gehou tussen George Nefdt, Liezelle Whitehead en Linda Meintjes.

Uitstallings
KRAGDAG ( 8 – 9 Augustus ) en PARYS ALLE RAS uitstalling (1 – 5 September):
Double B Ranch stoet (Bertha en Barend Dorfling) het die ras verteenwoordig.

Equine SA is hierdie jaar weer as gratis advertensie vir SA Boerperde deur die Genootskap betaal.

**8. REËLS & REGULASIES – Petro Grové**
Daar is noue samewerking met die portefeulje vir Reklame en Bemarking. Inligting word deurgegee om op die webblad te plaas en dit op te dateer. Die HINGSGALERY is 'n lopende projek en fotos van hingste word geplaas, Indien daar reuns is met gekeurde nageslag, kan hulle ook ingestuur word.

Verbeterings en opdatering in skoureëls en regulasies word gedoen en aan lede deurgegee.

Daar is vanjaar vir die eerste keer toekennings gegee vir stoete wat reeds 50 jaar bestaan. Verandering van eienaarskap word nie in berekening gebring nie.

**DOKUMENT A:8.1 SA BOERPERD TOEKENNINGS**
- Punte word bereken volgens die uitslae op Nasionale SA Boerperd Kampioenskappe.
- Aansoekvorm vir meriete & erekleure is geskrap.

**DOKUMENT B2.1: KEURING ADMINISTRASIE**
- Administratiewe voorbereiding van dekking tot keuring.

**DOKUMENT B2.2: KEURINGSPROSEDURES & OPLEIDING**

- Sillabus vir die opleiding van keurders opgedateer.
- Kleredrag van vertoners by Hingskeuring:
  Verw. Dokument C6: Kleredrag(1), Handklasse

**DOKUMENT C1: 1 AANBIEDING VAN SA BOERPERD SKOUE EN KAMPIOENSKPPE**

Om 'n skou onder die beskerming van die SA Boerperd Telersgenootskap aan te bied, moet skriftelike aansoek aan die Raad gerig word. Die aansoek kan die volgende in een skrywe insluit:

(i) Aansoek om toestemming, datum en plek van die skou;
(ii) Aansoek om erkenning as kwalifiserende skou vir die SA Boerperd Nasionale Kampioenskappe;
(iii) Aansoek vir toestemming om die SA Boerperd embleem te gebruik.

**DOKUMENT C2: BEOORDELAARS BEAMPTES & OPLEIDING (6)**

- Naam van die dokument was voorheen "BEOORDELAARS, BEAMPTES EN NOMINASIES"
- Beoordelaars word deur die Raad aangestel. Gekwalifiseerde Saalperd beoordelaars kan genomineer word om as beoordelaars van Tradisionele 3- & 5-gang klasse, asook Vertoonperd en Tuigklasse op die Nasionale Kampioenskappe op te tree.
- Sillabus vir die opleiding van SA Boerperd beoordelaars opgedateer.

**DOKUMENT C4: KRUISINSKRYWINGS**

- Ouderdomme aangepas om 0/13 klasse in te sluit.
- Teler-klasse bygevoeg (Klasse waaraan slegs telers en hulle direkte familie mag meeding)

**DOKUMENT C6: 4 KLEREDAG VIR SA BOERPERD & KAMPIOENSKAPPE**

**DAMESKOETSIERS**

Rydrag word toegelaat vir dames-koetsiers in hings-/merrie-/reun- en dames tuigklasse.
'n Skou-baadjie met 'n voorskoot oor 'n rybroek of gewone khaki langbroek, is ook toelaatbaar.
Rokke word ook toegelaat, maar is opsioneel.

**MANSKOETSIERS**

Rydrag word toegelaat in alle klasse.
'n Skou-baadjie met 'n voorskoot oor 'n rybroek of gewone net gewone khaki langbroek, is ook toelaatbaar, maar opsioneel.

Verbeterings n.a.v. die afgelope Nasionale Kampioenskappe is aangebring.

<u>STÊRHINGS-VEILING</u>

Daar was 25 hingste ingeskryf vir die Stêrhings-veiling. Die bemarking het op Facebook plaasgevind en die die veiling op WhatsApp. Vir die eerste keer is daar gebruik gemaak van professionele elektroniese afslaers op die dag van die veiling. GEPA afslaers het dit behartig en dit was 'n groot sukses.
Die totaal vir die inskrywing van die hingste was R 25,000.00.
Die totaal van die lotte opgeveil was R 184,000.00.

| LOT | NAAM VAN HINGS | EIENAAR | INSKRYWING | VEILING |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Abagta Geepad | Bruwer Burger | R 1,000.00 | R 20,000.00 |
| 2 | Bakgat Lancelot | Henru Smit | R 1,000.00 | R 3,500.00 |
| 3 | Calela Denim | Frikkie Combrink | R 1,000.00 | R 3,000.00 |
| 4 | Calista Sahara | Charles Campher | R 1,000.00 | R 4,000.00 |
| 5 | Carel-Hancke Roebyn | Carel Meintjes | R 1,000.00 | R 13,000.00 |
| 6 | Devondale Yahoo | Henru Smit | R 1,000.00 | R 4,000.00 |
| 7 | Disselboom Dekota | David de Wet | R 1,000.00 | R 5,000.00 |
| 8 | Erica Amethyst | George Nefdt | R 1,000.00 | R - |
| 9 | Goudhoek Dayo | Gerhard le Roux | R 1,000.00 | R 2,500.00 |
| 10 | Hoefstraal Valeur | Petro Grové | R 1,000.00 | R 6,500.00 |
| 11 | Izintombi Calela Geduld | Jannie Jacbsz | R 1,000.00 | R 7,000.00 |
| 12 | Janic Martinie | Nic Jooste | R 1,000.00 | R 19,000.00 |
| 13 | Janic Uzzi | Nic Jooste | R 1,000.00 | R 3,500.00 |
| 14 | Janic Vodca | Nic Jooste | R 1,000.00 | R 6,500.00 |
| 15 | Lang-Carel Ceylon | Jannie Jacbsz | R 1,000.00 | R 3,000.00 |
| 16 | Lang-Carel Lusthof | Leandri du Toit | R 1,000.00 | R 7,000.00 |
| 17 | Lang-Carel Viceroy | Petro Grové | R 1,000.00 | R 5,000.00 |
| 18 | Meer en Meer Letaba | Jan Joubert | R 1,000.00 | R 3,500.00 |
| 19 | Michmar Neptimums | Gerhard J v Rensburg | R 1,000.00 | R 20,500.00 |
| 20 | Rivierveld Gertman | Johan Kruger | R 1,000.00 | R 3,000.00 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 21 | Rooigras Spend a Pound | Jan Joubert | R | 1,000.00 | R | 7,000.00 |
| 22 | Ruggens Ace | Manie Louwrens | R | 1,000.00 | R | 10,000.00 |
| 23 | Tokoza Move Up | Frikkie Combrink | R | 1,000.00 | R | 16,000.00 |
| 24 | Calela Coedoe | Jacobsz familie | R | 1,000.00 | R | 8,000.00 |
| 24 | Vlampie's Rebellie | Reece Olivier | R | 1,000.00 | R | 3,500.00 |
| | | | **R** | **25,000.00** | **R** | **184,000.00** |

**9. LEDE – Jannie Jacobsz**

Elke lid word verwelkom met 'n inligtingsbrief, das en pet van die kantoor.

Bedankings

Krause HJ - Morgenzon stoet
Van Niekerk CP (Cecilia) - Dagab stoet
Juanita Murray - Amiratus stoet
De Emigatie stoet -
Johan van Niekerk - AL 4 Boerperd stoet
Lindeque JJ ( Johan) - Jokama stoet
Lotz, J.W - Sh'Ma stoet
Foulds, A - Volmoed stoet
Coetzee, Michelle - L'Clue stoet

Oordrae van eienaarskap:

Klinker stoet na Mariette Badenhorst
Roeper stoet – Kameelhoek stoet
Norris stoet - nuwe vennoot: Mnr Johan Nel
Le Pona stoet – nuwe vennote Thalia Offerman & Tiaan Venter
Kylin stoet – nuwe vennoot: Linda Meintjies
Burgerstrots stoet – Lazarust trust (nuwe vennoot)

Nuwe Lede:

Gule, N.N - Gule Stoet
Erasmus Jeannè - Jamani Stoet